

Oerwoudvalk Nr. 3
Oervallei
A. P. du Plessis

# OERVALLEI

*deur*

**A. P. DU PLESSIS**

*Uitgegee deur:*

SKATKIS BOEKE - UITGEWERS

Strand Mews Strand

2019

# Oervallei

Voorbladskets is die oorspronklike voorblad van 1959 en geredigeer deur Marney van Ginkel.
Tweede uitgawe (aangepaste weergawe).

Kopiereg op hierdie verhaal is voorbehou en dit mag nie in die geheel of gedeeltelik herdruk word of versprei word sonder die nodige skriftelike toestemming van die uitgewer nie. Herdruk sluit in geen vorm van elektroniese of meganiese vorm, bv. deur middel van e-boeke, fotokopiëring, skryf, bandopname of deur enige ander manier vir inligtingsbewaring of ontsluiting. Al die karakters en gebeure in hierdie verhaal is denkbeeldig en het geen betrekking op enige persone, lewendig of dood nie.

Oervallei
deur A.P. du Plessis

ISBN: 978-1-928498-42-1

Uitgegee deur:
Skatkis-Uitgewers, Strand Mews, Strand 7140
Suid-Afrika

Kopiereg @ Pieter Haasbroek (2019)

Aanlyn winkel: https://sqrindle.com/category/fiction-and-literature
Webwerf: https://www.softcoverbooks.co.za

# OPSOMMING

In hierdie derde verhaal van die Oerwoudvalk reeks red die Valk vir Aztec Calder uit die kake van ’n leeumannetjie. Die ylende Calder het nog kort voor sy dood gemompel van ’n verlore vallei, oermense en diere en ook van ’n geselskap blankes wat daar vasgekeer is.

Die nuus prikkel die Valk se belangstelling sodanig en hy besluit toe om dadelik na die verlore vallei in Afrika te gaan soek. Gewapen met net sy pyl-en-boog, ’n jagmes en ’n lendekleed van luiperdvel, pak hy sy soektog aan na die geheimnisvolle vallei, wat nog totaal onbekend is aan die samelewing.

Deur Aztez Calder se voetspore te volg, ontdek die Valk spoedig die verlore vallei, maar om dit te betree moet hy eers teen ’n steil kransmuur afdaal, wat die tropiese vallei heeltemal omring. Net daar verloor hy al byna sy lewe teen ’n vlieënde oerdier en dit is maar net die begin van een van die eienaardigste en spanningvolste ervarings wat die Valk nog beleef het.

Op soek na die blanke toeriste wat ’n noodlanding in die vallei moes doen met hul vliegtuig, kry die Valk verder te doene met Dinosourusse en verskillende oermens stamme. Gevaar dreig om elke hoek en draai en nie lank nie of die Valk verneem dat as mens jou self eers in hierdie verlore vallei bevind, jy nooit weer lewendig daaruit kom nie...

# UITTREKSEL

Maar die Valk is lankal nie meer op sy nek nie. Hy het reeds 'n bobbejaantou gegryp en weg geswaai van die verwoede dier af. Met 'n brul wat die Valk laat voel of selfs die bobbejaantou in sy hand daarvan gaan versplinter, storm die dier agter hom aan. As hy op 'n tak land, vermorsel die reuse kake van die oerdier die tak net onder hom. Die Allosourus se kort voorpote gryp na die Valk wat skaars vier voet bokant hom is.

Die voorpote mis die Valk rakelings, maar kry die tak beet en skeur dit by die stam af. Die Valk val, probeer vergeefs 'n tak raak gryp, mis dit en stort dan vlak voor die massiewe dier neer. Benoude oomblikke volg terwyl hy desperaat probeer om die swaar agterpote te mis. Sy hele lyf is al nat van die sweet. Hierdie oerkolos is onverwoesbaar, dink hy. Bo hom sien die Valk die Allosourus se gladde pensvel, sy kort, klouagtige pote, oopgesperde bek en 'n oog wat van haat glinster.

# INHOUD

**HOOFSTUK**


1. Vreemde Gevare
2. Stryd tot die Dood toe
3. Die Warempi
4. Die Vyand
5. Vrou vir die Oermanne
6. Die Aanval
7. Oerjagters
8. Zarsjata

# 3. OERVALLEI

## Hoofstuk 1
## VREEMDE GEVARE

AZTEC CALDER strompel val-val met die smal woudpad langs. Sy lang, grys baard hang vuil en toutjiesrig, halfpad teen sy uitgeteerde borskas af. Sy klere is in vodde en sy arms en bene dun en benerig.

Hygend gaan hy staan. Om hom draai die wêreld. Moeg maak hy sy bloedbelope oë toe. Hy trek die geweer, waaraan hy soos 'n kleinood klou, nader aan sy lyf.

Aztec Calder is moeg, tot die dood toe moeg. Agter hom is twee jaar van totale verskrikking. Twee jaar waarin die dood elke sekonde sy metgesel was. Vir hom, Alex Kromhout, Mimi Loloberg, Peter Couzyn en Elize Angeli...

In die betrokke twee jaar het die verskrikking uit die oertyd, homself en vier ander lede van hul geselskap oorval. Wreed, net soos die oertyd alleen wreed kan wees, wat hier in die vreemde vallei in Tropiese Afrika werklikheid geword het.

Maar Aztec Calder het eindelik daarin geslaag om te ontsnap. Ontsnap? In sy koorsbenewelde brein groei die twyfel. Ontsnap waarheen? Hy wou hulp in die beskawing gaan soek het, maar hy strompel al daelank doelloos aan, sonder om eens 'n mens teen te kom.

Dag vir dag het hy gevoel hoe sy kragte geleidelik minder en minder word, totdat hy later net deur sy pure wilskrag voortgedryf is.

Swakkerig vee hy oor sy beswete voorkop. Sy oë brand soos twee kole vuur. In sy borskas skroei die koors reeds en maak sy bene lam.

En dan gewaar hy die kraagmannetjie wat hom met duiwelse

ligpoele in sy oë aankyk. Hy probeer vergeefs om die geweer op te tel, sy oë vas genael op die koning van die oerwoud. Die leeu se stert kwispel, asof hy hierdie vreemde wese voor hom nie mooi kan begryp nie.

Hortend stoot Aztec Calder se asem deur sy keel. Eindelik bewe die geweer aan sy skouer. Sy oë sak na die visier. Voor hom swaai die korrel. Onder hom swik sy bene effens.

Die leeu stoot 'n dreigende brul uit, sak dan op sy pens en sluip 'n paar treë nader. Aztec Calder se vinger krul om die sneller. Die korrel is op die leeu, bokant hom, dan weer onder hom. Die skoot klap hard en die koeël ploeg 'n voor deur 'n boomtak.

Toe spring die leeu. Calder strompel agteruit, val en keer met 'n swak arm. Hy gil hees en swak.

En dan rek sy oë. Sy gedagtes trek op 'n punt saam, maar net as dit logiese gevolgtrekkings wil maak, spat dit weer soos water uit mekaar. Hy sien weer die reuse dier met sy lang nek in die vallei, sy potsierlike voorpote, sy stert wat soos 'n roei agter hom aan sleep en sy tande wat ry op ry in sy groot bek glinster...

In sy helder oomblikke sien hy die leeu voor hom, om en om tol en op sy agterpote staan. Hy hoor hy hom brul, sien die gapende bek en die lang naels in sy voorpote... Dan sien hy die bruin gebrande lyf van 'n blanke op die ondier se rug, sy glinsterende meslem en sy blonde hare wat ordeloos in alle rigtings heen hang...

Later is hy bewus van 'n wiegende ritme, van arms onder sy bene en om sy rug, van heerlike koel water wat in sy dorstige mond drup en van sagte blare onder sy koorsige lyf. Dan yl hy weer, sien hy die diere van daardie vreemde vallei, die oermense met hul lang, klossiehare, gespierde lywe, knuppels

en velle...

Weer en weer beleef hy sy doodsworsteling met die dier met die baie tande en die lang stert. Die massiewe dier wat soos 'n berg bo hom uit getoring het, bo hom en bo Alex, Peter, Mimi en Elize... en ook bo Zato. Hy beleef weer die grusame oomblik toe die ondier Zato in sy kort voorpote vas gegryp en hom verskeur het, voordat die koeëls sy brein getref en hom slingerend laat neerstort het.

En by hom waak die vreemde blanke, wat hy vaagweg deur sy benewelde brein met die kraagmannetjie sien spook het. In sy helder oomblikke besef hy dat hierdie vreemdeling met die leeu moes klaar gespeel het.

Aztec Calder yl dikwels. Dit is in oomblikke soos hierdie dat hy dit luid uitskreeu teen daardie vreemde vallei, teen die wrede lot wat hulle daar laat beland het.

En dit is dan dat die blanke reus oor hom buk en luister... luister na sy vreemde, verwarde verhaal wat in telegramvorm voor hom ontvou. Hy luister geduldig na die verflenterde man se verhaal van ontbering, lyding, gevaar en na sy pogings en die van sy vriende om te probeer ontsnap van hul aaklige omstandighede...

Stadig sloer die dae verby. Calder word gaandeweg sterker en sterker, sy ylings minder en sy eetlus meer. Maar hy is steeds net vel en been, 'n uitgeteerde, bejammerenswaardige figuur.

Dit was 'n week later toe hy vir die eerste keer regop sit. Bo hom was 'n dak van blare, boombas en klimop. Onder hom was 'n vloer van bamboes. By die oop deur en vensters van die ruwe hut het vreemde geluide in gekom. Geluide wat hy later, nadat hy die dronk gevoel in sy kop oorwin het, as die van voëls en ape onderskei het.

Calder beur stadig orent. Kort-kort dwing die duiseligheid om hom te oorval. Hy kyk rond, daar in die hoek is sy geweer en sy flenterklere. Hy loer af na sy lyf en sien dat hy vreemde velklere aan het.

Vaagweg onthou hy dat 'n vreemde, halfnaakte blanke voortdurend by hom was. Met sy arm teen die ruwe bamboesmuur stoot hy hom met 'n moeisame krag inspanning regop. Alles word swart voor hom, maar met 'n taai wilskrag hou hy homself regop. Stadig strompel hy na die deur. Die dowwe sonstraal wat deur die blare tregter, slaan soos dolke in sy oë vas. Hy sluit hulle en knip-knip eers sy oë 'n paar maal. Langs hom, bo hom en ook onder hom is takke, klimop plante, rankplante en ook fladderende voëls te siene.

Hy strompel tot in die ruwe opening wat die deur is en loer na onder. Hy sien net grys dieptes, takke en rankasies. Calder voel dronk, naar en duiselig. Hy wil van die opening probeer pad gee en dieper die hut in strompel. Sy bene swik egter die volgende oomblik. In sy gedagtes klink 'n dringende waarskuwing. Hy wil skreeu, die bamboesmuur vas gryp en agteroor val. Dan stort hy vooroor. Hy is bewus van 'n snaakse gewaarwording, dat hy vlieg. Sy benerige lyf tref 'n tak, huiwer 'n oomblik daarop, skuif oor en stort dan verder die dieptes in... Aztec Calder is dood...

----------

Tot hier kon hy Aztec Calder se slingerspoor volg. Voor hom is die plantegroei nou yler en die rotse meer. Sy deurdringende, blou oë dwaal oor die steil berghelling, wat hier uit die oerwoud ten hemele rys, tot waar die kranse in digte miswolke verdwyn.

'n Ongenaakbare wêreld, waar selfs die voëls swyg en die

diere skaam weg sluip, soos wat die ou inboorling hom die vorige dag reeds vertel het. ’n Ou grys inboorling wat alleen hier rondswerf...
Die jongman, naak behalwe vir die lendekleed van luiperdvel om sy slanke middel, ril skielik en wonder of dit van die koue is wat teen die klam berghange afstoot.
Hy skud sy breë skouers, stryk met sy hand oor sy lang, blonde hare, wat agter in sy nek met ’n varkvelriempie saamgebind is en kyk terug in die rigting van waar hy gekom het. Ver na die weste lê dik, donker banke donderwolke, waaruit lang reënslierte na benede hang. Agter hom lê ’n see van groen plantegroei. Iewers tussen daardie ontelbare oerwoudreuse is Aztec Calder begrawe, nou al twee dagreise ver.
En nou is hy op pad na die vreemde vallei met die vreemde diere uit vergange se dae. ’n Vallei waarvan hy nog nooit in sy vele omswerwinge in die magtige Kongo-woud gehoor het nie.
Sou Calder by sy volle verstand gewees het toe hy daardie dinge gemompel het? Was sy denke nie so deur die koors benewel, dat hy allerhande drogbeelde gesien en ervaar het en dit moontlik met die werklikheid verwar het nie?
Die jongman skud sy kop, skuif sy boog en pylkoker reg, vleg sy vingers deur die lang grastou en begin daarna teen die berghelling opklouter.
Die tog is moeilik en langsaam, die kranse waarteen hy met gespanne spiere en klouende vingerpunte opworstel, is klam en bros. Bo hom leef die mis, een oomblik yl, dan weer dig en ondeursigtig, soos die wind dit voortdurend rond skuif en oop skeur, om die volgende oomblik dit weer te laat saam bondel.

As die krans terugvou, lê ’n steil klim voor voordat die volgende kranse in die mis verdwyn. Dis koud en onaangenaam. ’n Fyn misreëntjie sprei oor sy naakte bolyf en laat klein, koue straaltjies teen sy lyf afloop.
Tussen die rotsblokke groei lang, taai graspolle waarvan die skerp, spiesvormige punte deur sy vel boor en fyn bloedstrepies nalaat.
Voor die tweede kransmassa gaan hy staan. Sy fyn kennersblik dwaal van kant tot kant en soek na die maklikste opklimplek. Stadig beweeg hy met die voet van die kransmassa langs. Hier is geen son nie. Net die kolkende mis vlak bo hom, die fyn sproeidruppeltjies en die koue wind. Ver onder hom lê die oerwoud tot by die gesigseinder uitgestrek en deuraar met silwer waterstrome wat lui in alle rigtings kronkel.
Drie uur lank worstel hy in die digte mis teen die krans uit, soms gaan dit makliker, ander kere duur dit weer minute vir hom om net enkele tree hoër te klim. Sy vingers voel reeds styf van die koue en hy vryf sy hande lank teen mekaar.
As hy eindelik op ’n smal rotslysie beland en asem skep, sien hy dat sy uitsig hier tot hoogstens twintig tree beperk is. Bokant hom steier die swart kranse weg in die miskombers. Uit ’n dun rots stroompie drink hy ’n paar slukke water en hervat dan weer sy moeisame klimtog.
Die skemer het reeds sterk begin toeslaan, toe die jongman eindelik die bergtop bereik en hom dankbaar onder ’n oorhangende krans neervly. Hy is moeg en koud, maar ’n haastige opname het hom oortuig dat hier geen moontlikheid van vuurmaak is nie. Al troos is dat hy darem uit die snerpende wind en triestige misreën sal kan oornag. ’n Dun sneeulaag lê buite oor die soliede rotstafel.

Spoedig vind hy egter dat slaap buite die kwessie is. Met onsigbare vingers pers die koue deur sy vel en dring deur tot in sy been en murg. Klappertand moet hy kort-kort opstaan en snelle bewegings uitvoer, in ’n poging om bietjie warmte in sy liggaam te kan kry. Buite huil die wind teen verskillende toonhoogtes om kranse en deur skeure.
Om hom is die inkswart nag, ’n leë en eensame verlatenheid. Honger knaag ernstig aan sy maag. Dan spring hy weer rond, swaai met sy arms en skop met sy bene. Nou en dan dut hy effens in, maar die voortdurende koue maak hom gou weer wakker.
Die nag word later vir die Oerwoudman ’n pure nagmerrie.
Gebrei soos hy is teen wind en weer, hitte en koue, voel dit later vir hom of selfs sy ysere gestel dit net nie meer kan uithou nie. En intussen word die mis buite digter en digter, sodat hy nie eens meer ’n sterretjie kan gewaar nie.
Eindelik is dit asof hy nie meer rasioneel kan dink nie. As hy later weer homself vind, is hy buite die holkrans, iewers in die swart oneindigheid. Hy strompel voort, struikel oor klippe en val een of twee keer. Hy voel later of hy in kringe beweeg en vrees soms dat hy in skeure kan aftuimel of selfs van die kranse. Om hom is net die nag, die mis en die huilende wind.
Hy gaan staan, voel hoe die wind sterker begin ruk en dreig om hom om te stoot. Iewers in sy kop waarsku ’n flou stemmetjie...
Hy stoot sy voet uit, wil trap, trap dan net leë lug raak. Hy struikel en val op sy een knie neer. Sy koue hande gryp angstig na enige beskikbare vashouplek. Gevoelloos skuif hulle oor ’n ruwe rots se oppervlakte. Sy knie se vel bars oop. Bloed loop dik daaruit en stol weer byna onmiddellik

daarna in die koue en klam aandlug.
Sy een been hang in die lug. Hygend lê hy dan so, sekondes, later minute... en wag vir die dood om te kom. In hom is niks meer wat daarteen wil veg nie...
Die reëntjie begin weer opnuut uitsak. Dit vorm stroompies en stort oor die krans waarop hy lê, die swart dieptes in. Die Oerwoudman lig sy kop effens en luister na die water wat oneindig ver na onder 'n kranspunt tref. Kruipend en voel-voel, so ver dit vir sy koue vingers en lyf moontlik is, beweeg hy weg van die plek waar sy een voet netnou die soliede bodem mis getrap het.
Hoe hy daarin beland het, kon hy nooit daarna verklaar nie, maar skielik het hy nie meer reën op hom voel val nie. 'n Ysige hand het rond gevoel en toe iets raak getas. Eindelik het 'n dankbare besef tot hom deur gedring. Na oneindige moeite het hy 'n vonkie in sy tonteldoos aan die gang gehad. Sy hand tas weer oor die oneffe bodem en vind 'n klompie krakende voorwerpe. 'n Rukkie later slaan 'n klein vlammetjie op.
So vinnig as wat sy koue hande hom toelaat, krap hy meer van die blare en kurkdroë takkies nader. Die vlammetjie lek hoër en hoër, heerlik warm. Rooi en hittig soos die lewe.
As die eerste hitte hom tref, begin sy hele lyf pyn soos die lewe weer begin terug keer. Hy soek in die flou lig na meer takke en krap dit nader na die vlammetjies...
'n Ligkol sypel deur die miskleed wat die top van die berg feitlik dwarsdeur die jaar bedek. Dis nat en klam en koud, maar dis weer lig en die dowwe ligkol bewys dat die son darem weer skyn.
In die vlak grot roer die Oerwoudman. Eenkant lê nog net die as van die vuurtjie, wat hom deur die nag leefbaar warm

gehou het. Hy sit regop, knip sy oë 'n paar keer en beweeg in die rigting van die grot opening. 'n Vreemde wêreld doem buite voor hom op. Kleurloos en mistroostig, so anders as die oerwoud waaraan hy gewoond is.

Uit 'n water poeletjie les hy sy dors en spoel sy gesig met die yskoue water af. Hy voel kort daarna weer stukke beter.

'n Rukkie later vind hy die plek waar die ruwe kransmassa breek en in die miskleed onder hom weg raak. Van die son se stand lei hy af dat hierdie bodemlose afgrond, so ver hy kan uitmaak, aan die teenoorgestelde kant lê, as die kranse wat hy die vorige dag beklouter het.

Besluitloos staan hy etlike oomblikke en oorweeg wat hom nou te doen staan, maar dan laat die snerpende koue hom gou 'n besluit neem. In sy ylings het Aztec Calder gepraat van 'n afgesonderde vallei wat deur berge, kranse en miswolke, op die bergrûe omsingel word.

Die jongman knoop sy grastou se een punt om 'n stewige rotsknoets en begin teen die krans afklouter. Om hom kring, styg en daal die mis. Twee kragtige hande laat sy soepele lyf duim vir duim teen die grou kranswand af sak. Spoedig kan hy nie meer die rand van die kransmassa bo hom sien nie. Onder hom is net die miskombers sigbaar. Ver weg klink 'n geweldige gedruis op, soos die van branders wat teen rotse breek, of donderweer wat veraf rammel.

Fyn stroompies water tuimel oral binne sy gesigskring teen die krans af en spat oor sy naakte bolyf. Koue druppels wat hom laat ril as dit in straaltjies teen sy vel af vloei.

Dertig voet daal hy, veertig, vyf-en-veertig voet... Sy kaal voete vind 'n smal lysie en hy rus 'n oomblik, terwyl sy oë na benede daal. Dit is asof die miswolke yler wil raak na onder. 'n Skerp glans trek sy oë nou, maar hoe hy ook al kyk, hy kan

nie vasstel wat die skittering ver benede hom veroorsaak nie. "Miskien water wat in die son blink," dink hy en hervat sy daaltog. Op sestig voet na benede kan hy die punt van sy grastou sien, sowat twintig voet verder.
Die besef dat die dun tou in sy hande hom nog slegs 'n klein rukkie tot hulp sal wees, laat 'n benoudheid hom skielik beetpak. Sy oë begin na vashouplek vir sy hande en trapplek vir sy voete soek. Hy het nie die vaagste benul hoe ver hy nog sal moet daal, voordat hy die veiligheid van die grond bereik nie.
Sewentig voet daal hy, vyf-en-sewentig voet en steeds geen vashouplek nie. Sy voete soek voortdurend na goeie vastrapplek. As hy iets vind, toets hy eers die brosserige klip. Een moontlike plek krummel eenvoudig weg as sy een voet gewig daarop plaas. Hy gly en stamp sy knie hard teen die krans. Sy een hand los die tou, voel-voel oor die krans en toets 'n volgende vashouplek. Een verkrummel onder sy vingers, maar 'n volgende lyk darem stewiger.
Sweet begin oor sy voorkop uitslaan en 'n gevoel van mislukking pak hom beet, selfs ligte paniekerigheid. Oral om hom is net mis. Geen lewe nie en net die druppende water en bros rots, met gladde moslae.
Sy twee voete vind weer 'n nuwe moontlike vastrapplek. Versigtig toets hy hulle, maar dit is nie geskik nie. Ook sy ander hand los die tou en soek rond. Slegs aan vier duim diep gleufies hang sy lewe bo onpeilbare dieptes onder hom.
Versigtig sak hy nog laer. Sy tone soek en grawe, terwyl sy spiere in sy liggaam tot breekpunt toe span. Sy wang rus teen die koue graniethang en dan begin sy een hand eenvoudig gly...
Die besef dat hy gly skok hom lam. Onder sy hand breek die

rots weg. Naarstiglik soek hy na ander vashouplek. Koue angs sweet slaan op hom uit. Sy asemhaling versnel en sy spiere wat soos staalkoorde span, bewe van die inspanning. Genadiglik vind hy betyds weer vashouplek en dan daal hy weer 'n ent. Dit gaan oneindig stadig. Stadig daal hy voet vir voet. Met tye glip sy vingers en voete op die koue, nat en harde rots, maar hy vind dan weer betyds plek vir sy hande en voete, om te keer dat hy hom te pletter val. Voet vir voet daal hy die dieptes verder af, met die mis, water en mos as sy enigste geselskap. Hy weet later nie meer van waar hy kom of waarheen hy gaan nie. Vir 'n keer of wat skok die gevoel van verydeling deur hom, die besef dat dit hopeloos is en dat hy tog een of ander tyd gaan val. Dan kners hy maar net weer op sy tande, span sy spiere en daal verder.

Na wat vir hom soos 'n ewigheid voel, trap sy voet op 'n lys, net toe sy tou feitlik ook sy einde bereik het. Eers kan hy dit nie glo nie, hy kyk af en sug van verligting. Dit is werklik 'n lys, maklik sewe voet breed.

Hygend staan hy daar, vee die koue sweet van sy voorkop af en sluit sy oë. 'n Ligte hoofpyn pols deur sy kop. Hy het sy staal spiere tot die uiterste toe beproef en dit het baie uit hom geneem. As hy eindelik weer sy oë oop maak en na benede kyk, sak hy verras op sy knieë neer.

Want daar, ver benede hom, sien hy deur die misvensters, blinkende water en een plaat groen uitgestrektheid... Sien hy die grond... en die verlore vallei waarvan Aztec Calder so baie gepraat het?

Skielik is die Oerwoudvalk of ook die Valk, want dit is hoe sy naam bekend is onder die inboorlinge in die Kongo-oerwoud, haastig. Onder hom lê 'n wêreld wat deur Aztec Calder vir hom 'n geheimsinnige betekenis gekry het. 'n

Wêreld wat, as Calder reg blyk te wees, deur die eeue feitlik ongeskonde bewaar gebly het. 'n Wêreld waarvan die beskaafde mensdom niks weet nie en selfs nie eens meer oor droom nie...
Calder het gedurig geyl dat daar diere heers, talle kere hoër as huise, met massiewe lywe en ook mense uit die oertyd.
En dit is dan waar hy heel moontlik vir Alex Kromhout, Mimi Loloberg, Peter Couzyn en Elize Angeli sal aantref. Dit wil sê, as hulle nog leef en as dit die vallei is waarvan Calder gepraat het.
Dit is die Oerwoudvalk, die avontuurlustige, wat al met die breë lys begin aan stap. Die lys vernou en verbreed op plekke, na gelang van die kransformasie en neig effens afwaarts. Namate die helder kolle in die ylerwordende mis vergroot en verander, kan hy meer van die mistieke wêreld onder hom begin sien. Die harde gedruis neem ook toe in volume, soos hy vorder. Hy skat later dat hy sowat 'n duisend voet bokant die vallei moet wees. Oor die digte plantegroei lê die stoom uitgestrek, sodat hy geen idee kan vorm van die diersoorte waarmee hy moontlik binnekort te doen sal hê nie.
Die Valk beweeg om 'n draai en gaan dan nog 'n keer verras staan...
Sowat vier myl van hom af sien hy die natuurwonder wat hom na sy asem laat snak!
Breed en sneeuwit, stort tonne water uit 'n misgordyn in die vallei neer. Die gedruis is nou eers hard en vir die eerste keer besef die Valk dat hy van hierdie manjifieke waterval af kom. Waar die son die magtige watergerf vang, sprei die reënboog uit in sy volmaakste prag. Waar die onderpunt van die waterkolom in die vallei staan, stuif die waterdruppels in alle

rigtings, in ’n ondeursigtige waas.
Die Valk, wat in Suid-Afrika skoolgegaan het en dikwels per vliegtuig na sy sendelingouers in die Kongo gereis het, dink onwillekeurig aan die Victoria-waterval in die Sambesie. Dit is die wêreld se grootste waterval so ver dit breedte en omvang betref, maar hierdie waterval! Dit kan maklik tussen twee en drieduisend voet hoog wees. Hy skat die breedte om en by honderd tree.
Die Oerwoudman oordink die feit dat daar vandag seker nog ook ander onbekend wêreld dele is, ten spyte van al die prestasies van die mensdom en sy moderne verbindingsmiddele.
As hy sy oë eindelik van die natuur se wonder afwend en na benede kyk, merk hy dat die mis hier baie yler is. Dit lê egter nog dig oor die woud en plantegroei, ver onder hom.
Stadig skuif sy oë oor die vallei. Verskeie breë waterstrome blink onder hom, tot doer in die ooste. Deur die mis merk hy ook die kranse wat die vallei aan weerskante omsluit en min of meer ooswaarts strek, tot waar die vallei oënskynlik ’n draai maak en moontlik nog tientalle myle verder kan strek.
Hierdie vallei laat die Vallei van Skeba soos ’n dwergie lyk, dink hy by homself. *(lees Goudstad van Skeba)*.
’n Swart stippel na die noorde trek sy aandag. Hy kan egter nie mooi uitmaak wat dit kan wees nie, aangesien dun misslierte kort-kort voor dit verby skuif.
Hy wonder hoe Aztec Calder en sy geselskap in die vallei beland het, want so ver hy kan sien, lyk dit nie of daar enige maklike inkomplek kan wees nie. Snaaks dat Calder nooit iets daaroor uitgelap het nie. Ook nie van hoe hy presies uit die vallei gekom het nie. Dit sal nou seker vir altyd ’n geheim bly wat Calder saam met hom na sy dood geneem

het.
Die Valk skud hom los uit sy mymeringe en stap verder aan met die lysie. ’n Kort endjie verder loop dit skielik dood. Die daalproses van voorheen word herhaal, maar die Valk kan gelukkig hier sonder ’n tou klaar kom, want die kranse is hier minder bros en daar is meer vastrapplek en vashouplekke vir sy hande en voete.
Vyfhonderd voet bo die vallei rus die Valk op ’n volgende lysie. ’n Endjie verder gaap ’n opening in die rotsmuur en hy wil net nuuskierig nader stap, toe hy weer die swart stippeltjie gewaar. Net baie groter en duideliker die keer.
Die Valk se oë verstar in sy kop. Want daar, sowat ’n halfmyl weg en skuins onder hom, sweef ’n vreemde ding op wye wieke, ewewydig met die kransmuur waarteen hy tans verkeer.
Sonder dat hy daarvan bewus is, span sy een hand om die snaar van sy kragtige boog, gereed om dit by die geringste teken van gevaar, van sy rug af te pluk.
Met sy oë steeds op die vreemde, voëlagtige ding in die lug, skuifel hy stadig in die rigting van die opening in die kransmuur.
Stadig, met luie wiekslae, sirkel die gedrog laag oor die misbedekte oerwoud. Sy vlerke span maklik dertig voet van punt tot punt. Sy kleur is ’n soort blou-rooi en die oervoël het ’n lang bek en ’n dun kuif op sy kop.
Dit is geen gewone voël die nie! Geen bekende diersoort wat die Valk ken nie! Dit is beslis ’n vreemde ding uit die oertyd. Onwillekeurig dink die Valk aan Aztec Calder se ylings oor vreemde gedrogte, oerwoude, aapmense en reptielvoëls wat in die lug rondsweef en ’n mens met die grootste gemak in die lug kan opvoer...

Die swewende gedaante verander skielik van rigting en beweeg nader aan die Valk, wat reeds digby die bek van die opening in die krans staan. Gelukkig vlieg hy heelwat laer as die Valk, met die gevolg dat hy die tenger mensfiguur nog nie opgemerk het nie.

En nou doen die Valk 'n tweede, ontstellende ontdekking. Daardie gedrog het geen vere nie! So ver hy kan oordeel, span sy vel styf oor sy liggaam, sodat hy die rondinge daarvan duidelik kan sien.

"Amper soos 'n vlermuis, maar net baie gruweliker," mymer die Oerwoudman by homself.

Op daardie oomblik trek die oervoël sy vlerkspan in en pyl na benede. Vir 'n kort rukkie raak hy weg in die mis. Op die lysie staar die Valk roerloos na die plek waar die ding so pas verdwyn het.

Dan tref aaklige krasgeluide uit die grot opening sy ore. Versigtig beweeg hy nader, met sy pyl en boog hierdie keer gereed in sy hande. Die grot opening is hoog genoeg vir hom om eenvoudig in te stap, sonder dat hy hoef te buig.

Hy loer by die opening in en verstyf dan in sy spore.

Want voor hom, in 'n ruwe taknes, lê twee afskrikwekkende gedrogte met lang bekke en vlymskerp saagtande. Oor hul benerige lywe span 'n bloederige rooi vel, vol fyn aartjies. Die koppe is benerig en hul oë is onnatuurlik groot vir hul lywe. Dit straal haat en vraatsugtigheid uit.

Die twee klein oervoëls se vlerke hang oor die kante van die ruwe en ordelose nes en klap kort-kort rond. Die bekke pik voortdurend na mekaar. Dan skeur aaklige krasgeluide weer uit hul kele.

Versigtig en nuuskierig stap die Valk nader, die reptielvoël buite momenteel vergete.

As sy gestalte die opening verdonker, toon die twee gedroggies onmiddellik meer lewe.
Die bekke rek vraatsugtig oop, sodat hy die skrikwekkende kele duidelik kan sien. Die gekras neem toe in hardheid, totdat dit voel of raspers dwarsdeur sy kop skuur. Hul vlerke klap wil rond en hul swak pote beur om hul mankoliekerige liggame te probeer ophef. Die knopperige nekke rek uit van angstigheid.
As die ogies, wat nog maar swakkies kyk, egter merk dat dit nie van hul familie is wat hier by hulle staan nie, is dit kompleet of hul ooguitdrukkings nog verder verhard, tot onverhole haat en woede. Die lang bekke byt na die Valk. Een mis hom naelskraap en hy voel 'n koue rilling in sy rug af kriewel.
"Vir julle is ek nie lief nie," sê hy met oortuiging. Vir die eerste keer merk hy die kaal gestroopte geraamtes en bene wat oral rond lê. Die van ander gediertes. Die Valk tree haastig nader, buk en neem 'n gekraakte skedel in sy hande... die skedel wat nie die van 'n aap of bobbejaan of gorilla kan wees nie.
Hy raak in sy gedagtes versonke as hy die skedel probeer plaas. Sou dit moontlik aan Aztec Calder se oermense behoort? Want dit is ongetwyfeld ook nie die skedel van 'n blanke of 'n inboorling nie. Die oogbanke is hoog en die voorkop helling baie skuinser as die van 'n gewone mens.
Die Valk ignoreer die kermende gedrogte en soek verder op die grot se vloer rond. Hier en daar vind hy stukkies vel van diere en meer geraamtes, sommige nog met stukke vleis aan.
Die reuk in die grot is verstikkend en baie benoud. Dit is 'n soet, walglike reuk van vleis wat ontbind. En dan het die gedrogte natuurlik 'n ewe walglike reuk van hul eie.

Die Valk kom orent en kyk by die kermende gedrogte verby, by die bek van die grot uit. ’n Vreemde gevoel van vrees pak hom beet, vrees en onheil vir die vreemde wesens en gedrogte waarmee hy vorentoe te doen kan kry.
Sou Calder se geselskap nog leef? Hoe sou hulle daarin geslaag het om hulle teen al die vreemde gevare te handhaaf?
Hy twyfel nou vir geen oomblik meer daaraan nie. Dit is hierdie vallei en sy bewoners uit vergete eeue, wat Calder na ’n vroeë dood gestuur het en hom grys en vol plooie gemaak het, lank voor sy tyd.
As Calder so gelyk het na al sy ontberings, hoe moet die ander nie nou al lyk as hulle nog leef nie? Weliswaar het Calder nog ’n geweer by hom gehad... en ’n handvol patrone.
Verder as dit kon die Valk egter nie wonder nie, want buite was die fluitende gewieg van groot vlerke hoorbaar. Die volgende oomblik steier die Valk verbysterd terug...

## Hoofstuk 2
## STRYD TOT DIE DOOD TOE

OP die lys voor die grot opening stryk ’n reuse reptielvoël neer. Sy wye vlerke word terug gevou, sodat dit langs sy lyf op die rots rus. Hy lyk potsierlik, maar tegelykertyd afskrikwekkend as hy die grotbek op sy lomp, wankelrige agterpote binne strompel.

Maar wat die Valk op hierdie oomblik die meeste ontstel, waar hy styf teen die rotswand aangedruk staan, is die bebloede en verskeurde liggaam van die oermens in sy elsvormige bek. ’n Slap, lewenslose liggaam, bedek met lang, bruin hare.

Die klein reptielvoëls raas en kras asof hulle die moord wil steek. Die reuse gedrog het die Valk nog nie gewaar, waar hy in die skemer van die tonnel, die gedrog met afgryse betrag nie. Voor die nes laat die gedrog sy beenkop sak. Sy kleintjies gryp en rem aan die oermens. Hulle skeur stukke vleis uit die nog warm lyf en sluk dit in, sonder om te kou. Hulle gryp weer na die oorblywende kos. Hulle spook, kerm en baklei dan heftig onder mekaar oor die kos.

Teen die ligter grotbek, ets die lang beenkuif van die oergedrog. Hy kyk etlike oomblikke misnoeg na die kleintjies se vraatsugtigheid, gryp een aan die kuif en skud hom ’n paar keer geniepsig en merk dan die stil figuur van die Valk op.

Oombliklik verander die hele houding van die reptielvoël, wat, soos die Valk later sou verneem, Pteranodon in wetenskaplike taal genoem word. Die beenkuif sak laer, die oë verhard, die lang bek gaap oop en wys sy lang tande wat soos ’n saag in die bek ingeryg is.

Die potsierlike agterpote kom in beweging en tree verby die

nes. Sy kragtige, veerlose vlerke word as stutte op die rotsvloer gebruik. Die Valk merk dat die vlerke 'n integrale deel van die hele lyf vorm en feitlik net 'n verlenging daarvan is. Die vlerke word in posisie gehou deur armvormige uitlopers, wat in die middel in handvormige kloue uitloop. Fyn, maar sterk senings deuraar die vlerke, wat aan die lyf self en ook die bene vasgeheg is.

'n Skel kraakgeluid skeur uit die gedrog se keel. Die ding is nou slegs vyftien tree weg van die vreesbevange Oerwoudman.

Stadig strompel die gedrog nader, meet die voortdurend Valk met sy oë en dit is duidelik dat hy die skemer bedrieglik vind. 'n Aaklige stank, wat dreig om die Valk naar te maak, vul die hele grot.

Dit is asof iets van ver aan die Valk se denke prik, prik. 'n Dowwe waarskuwing wat sterker en sterker groei, totdat dit die Valk tot die werklikheid terug skok. Met lam bene struikel hy agteruit, sy een hand rustend en voelend oor die oneffe muur, terwyl sy ander sy boog vas hou.

Eindelik druk sy rug teen die muur. Verder kan hy nie terug nie. Links en regs kan hy nie padgee nie, want die grot het versmal en die gedrog staan reeds sy pad na buite en na veiligheid vol.

En steeds kom die Pteranodon nader. Hy kan niks meer sien nie, maar dit is of hy instinktief weet dat sy vyand hier iewers voor hom moet wees. En dit is of hy instinktief weet dat sy krag meerderwaardig is en dat dit net 'n kwessie van tyd is voordat hy die tenger gedaante voor hom in sy kragtige kake kan vasvang en verpletter.

Bewus van die doodsgevaar waarin hy verkeer, besef die Valk dat hy onmiddellik sal moet optree. Sy hand bewe as

dit blitsig drie pyle uit die koker aan sy rug trek. Tussen sy vingers hou hy die pyle, gereed om hul een na die ander in die swart kolos voor hom te stuur. Die boogsnaar span tot breekpunt. Sy hande is nou stil, die vrees het uit sy lyf verdwyn en die Valk is nou kalm en waaksaam.

Die snaar sing die volgende oomblik en die eerste pyl boor in die gedrog se bors, die tweede in sy keel. Die reptielvoël se kras geskreeu pers uit die benerige keel en rol heen-en-weer in die grotkamer.

Die skielike skerp pyne in sy lyf maak hom nog woedender. Hy is vlak voor die Valk. Sy vlerke sleep agter hom. Sy bek is wyd gesper. In die dowwe lig blink die gedrog se tande en gloei sy oë van haat en pyn.

Die derde pyl van die Oerwoudman sak in sy donker keel weg. Die voël steier regop, sy vlerke klap wild teen die rotse en stofwalms stuif uit die rotsvloer op.

Die Valk se boog span reeds weer. 'n Oomblik korrel die Valk na die rukkende kop en soek die oë wat geen oomblik stil is nie.

"As ek net sy oog kan tref, sal dit hom dood," dink hy. Weer sien hy 'n blink oog. Die akkurate pyl van die Valk tref dit teen straalsnelheid en dring die klein kopbeen binne, tot in die harsings en skeur deur die kraakbeenagtige skedel.

Die groot bek gaan oop en die reptielvoël kras en kerm dat hoor en sien vergaan. Die reuse gedrog wankel die volgende oomblik en sak dan neer op sy agterpote. Sy vlerke ruk en raak die Valk skrams. Dit slinger die Valk hard teen die een rotsmuur aan. Sterre dans voor sy oë en bloed vloei oor sy borskas. Dit word donker om hom en sy bene vou in mekaar...

Sowat vyf minute later herwin die Valk weer sy bewussyn.

’n Streep droë bloed lê teen sy wang, nadat sy kop hard met die rotswand kennis gemaak het. ’n Dowwe pyn klop in sy kop.
Stadig sit hy regop en knip-knip sy oë om behoorlik tot verhaal te kom. Ook sy bors is vol bloed waar die vlerk van die reptielvoël hom skrams gevang het. Die gedrog lê nou roerloos met oopgespalkte vlerke, ’n paar voet van hom af.
Die Valk gryp een vlerk vas en sleep die oerdier nader aan die grot opening, om hom beter te kan ondersoek. As hy verby die twee kleintjies stap, gaan hulle verwoed te kere, maar hy ignoreer hulle heeltemal.
Die Oerwoudman word dadelik deur die gedrog se besondere bou getref. Dit herinner nogal aan die van ’n vlermuis, maar die verskille is tog ingrypend waarneembaar. Die reptielvoël se twee boonste arms vorm die raamwerk en versterking van die veloortrekte vlerke. Omtrent in die middel van die vel merk hy dat die arms in twee kloutjies doodloop, wat by die eerste oogopslag baie na hande lyk. Die pinkie van die vingers is egter verleng tot by die punt van die vlerk en dien klaarblyklik as versterking.
Van hier af is die vlerkpunte met ’n kraakbeenagtige beenstruktuur aan die potsierlike agterpootjies en eindelik met die verlengde rugstring verbind.
Al ooreenkoms wat die vlieënde gedrog met die voëlgeslag het, is dat hy kan vlieg, maar verder herinner hy die Valk sterk aan koudbloedige reptiele.
Eindelik tevrede met sy ondersoek, stap die Valk uit op die lys, om uit die stank te kom wat die grot vul. Agter hom kerm die klein reptieltjies nog een strook deur. Vir ’n oomblik wonder hy wat nou van hulle gaan word, nadat hul ma of pa dood is. Dan stap hy vasbeslote terug en verlos

hulle uit die hongerdood wat nou heelwaarskynlik hulle lot sou wees.

Sonder om ’n oomblik verder te huiwer, hervat hy sy daaltog teen die kranse af. Hoewel hy in die verte, nou en dan nog van die swewende reptiele uitmaak, bereik hy die onderpunt van die massiewe kransmuur, teen die middel van die dag, sonder verdere voorvalle.

Die hongerpyne knaag aan sy maag en hy onthou dat hy die vorige oggend laas geëet het.

Bo die onophoudelike gedruis van die waterval, verder na die suide, kom vreemde klanke uit die oerwoud na hom aangesweef. Klanke wat soms bekend klink, maar wat hy net nie kan plaas nie.

Om en voor hom roer yl misvingers. Dit is broeiend warm en geen luggie trek hier nie.

Waaksaam tree die Valk die oerwoud binne. Dit is hier minder dig as wat dit van bo teen die krans gelyk het. Die boomstamme vertoon bros en groei kersregop. Sommige bome is heeltemal takloos, behalwe vir die varingvormige waaierblare, hoog bokant hom. Slanke, palmagtige plante skiet meer as honderd voet die lug in op. Hul stamme is omstrengel met sterk parasietplante en bobbejaantoue. Dit lyk vir die Valk of hy met redelike gemak deur die bome sal kan beweeg.

Lae varingplante met dik, breë blare groei welig op die swart brosserige grond. Stroompies water vloei oral tussen die plantegroei deur.

’n Snaakse voël, blouerig van kleur, vlug voor hom tussen die bome deur. Die stert daarvan trek onmiddellik sy aandag, aangesien dit meer na die van ’n leeu as die van ’n voël lyk.

Ver weg klink ’n dowwe gerammel op, gevolg deur ’n hees

gekrys. Iewers is daar blykbaar 'n geveg tot die dood toe aan die gang, tussen twee reuse diere, want hy hoor die gekraak van groot takke en 'n rommel-gebrul wat die grond onder sy voete liggies laat tril.

By een van die stroompies kniel hy, kyk haastig om hom, om seker te maak dat sy lewe nie deur een of ander vreemde dier bedreig word nie en begin die bloed van sy kop en bors was. Hy merk dat sy bors effens geswel is, daar waar die vlerkpunt van die reptielvoël hom getref het. Daarna drink hy van die lou water.

Skielik spring die Valk regop. Sy bene is wyd geplant en sy arms ver van sy lyf. Sy oë flits tussen die boomstamme deur. Sy fyn gehoor het bo al die ander klanke, die haastige val van hardlopende voete gehoor, nie ver van hom af nie. Soos blits ruk hy sy boog van sy lyf en pas 'n skraal pyl in die snaar. Versigtig tree hy na 'n dik boomstam naby hom en skuil gedeeltelik daar agter.

Die voete geklap kom in sy rigting, 'n ligte tred gevolg deur die swaarder tred van 'n groter en swaarder figuur.

En dan bars die eerste figuur sowat dertig tree van hom uit die struikgewas. Hy is momenteel so verras, dat hy geen vinger kan verroer nie.

Dit is 'n vroue figuur met lang hare. Haar klere is verflenter. In haar een hand hou sy 'n geweer. Haar hele gesig is vertrek van vrees, as sy kort-kort na agter kyk. Selfs op hierdie afstand kan hy die bloed aan haar arms en bene onderskei.

Dit flits deur sy gedagtes dat dit dalk Mimi Loloberg of Elize Angeli kan wees, die meisies van wie Aztec Calder gepraat het.

Die Valk merk dat die meisie skuins by hom verby sal hardloop. Op haar hakke bars 'n vreemde, mensagtige figuur

uit die struike. Hy is swaar en blokkig gebou. Sy bruin lyf is geheel en al met lang, digte hare bedek. Hy het geen klere aan nie, maar swaai ’n yslike knuppel in sy gespierde regterhand.

Sy bene is kort in verhouding met sy lyf en ook effens bak. Sy skouers is breed, sy arms lank en bultende spiere is duidelik sigbaar oor sy hele lyf. Sy gesig is aapagtig, met hoë wangbene en oogbanke. Sy neus is plat met wye neusvleuels en sy ogies vertoon klein en giftig.

’n Replika van die oerman wat die reptielvoël die grot binne gedra het en wat as kos vir sy kleintjies moes dien!

Skuins voor hom swik die bevreesde meisie se voet en sy stort met ’n klein gilletjie op die breë blaargras neer. Sy probeer onmiddellik opstaan, maar haar verstuite enkel gee mee en sy val ’n tweede keer. Haar oë is verwilderd op die nader stormende oermens gerig. Sy ruk die geweer orent in ’n laaste desperate poging om hom van haar af te weer en trek dan die sneller. Die haan klik op ’n dooie doppie. Sy stut haar op haar knie en een voet, gryp die geweer aan sy loop en maak gereed om haar lewe duur te verkoop.

Maar dan tree die Oerwoudvalk uit sy skuilplek. As die son sy bruingebrande bolyf vang, toon sy fyn, simmetriese spiere op hul beste en lyk hy soos ’n Griekse god. In sy oë brand ’n vreemde lig. Hy uiter ’n dringende waarskuwing, wat die oerman vlak voor die meisie tot stilstand dwing. Die klein ogies ontdek die Valk, die dik lippe trek weg en ontbloot sy lang slagtande. Kwyl drup uit die oermens se mond.

Hy kyk beurtelings na die Valk en die meisie wat stil geword het, haar oë op die vreemde blanke gerig. In haar oë is pleiting, vrees en afsku.

Maar ook hoop... en twyfel en baie vrae.